# HOOFSTUK 10

## *VEREENIGING SE KULTURELE-ONTWIKKELING: KULTUURORGANISERING*

## 10.1 INLEIDING

Kultuur is die totaliteit van menslike aktiwiteite wat inderdaad 'n ontwikkelingsproses is. Hierdie ontwikkelingsproses lei gewoonlik ook tot nuwe kultuurvorme. In hierdie hoofstuk word op verskeie aspekte van kultuurorganisering in Vereeniging gefokus waarin die skepping van nuwe kultuurvorme na vore kom.

Gedurende die vestigingsjare in Vereeniging se kultuurontwikkeling was dit hoofsaaklik die verstedelikte Afrikaners en die Engelssprekende immigrante wat by georganiseerde kultuuraktiwiteite betrokke geraak het. Dit het veroorsaak dat daar kultuuroordrag tussen hierdie volksgroepe plaasgevind het en dat die blankes meestal as 'n groep die kultuurlewe in die dorp probeer organiseer het. Gedurende die laaste dekades het die swart man ook tot die kultuurorganisering toegetree.

Hierdie kultuurorganiseringsproses is deurentyd deur die ekonomiese omstandighede van die gemeenskap beïnvloed. Die hoofstuk bevat nie 'n volledige weergawe oor alle kulturele aktiwiteite nie. Dit bied slegs 'n oorsigtelike beeld aangesien die aktiwiteite van baie verenigings of organisasies swak of glad nie gedokumenteer is nie. Die dokumentasie van baie verenigings en organisasies kon ook nie opgespoor word nie.

## 10.2 KULTUURORGANISERING IN DIE BEGINJARE VAN VEREENIGING

Gedurende die vestigingsjare van Vereeniging is verskillende maatreëls deur Afrikaners en Engelssprekende immigrante geneem om in pioniersomstandighede 'n leefwyse te organiseer wat aan hulle behoeftes kon voldoen.

Gedurende hierdie vestigingsjare het veral die beplanners van die dorp in hierdie opsig die leiding geneem.

### *10.2.1 T.N. LESLIE EN SAMMY MARKS SE BYDRAE*

Dr. Leslie was sekerlik een van die eerste persone wat probeer het om die kultuurlewe in Vereeniging te organiseer.[1] Leslie het op kulturele gebied pionierswerk verrig. Hy het onder

---

1 Vgl. ***Vereeniging News***, 11 September 1942: report.

meer die terrein waarop Vereeniging uitgelê is goed geken. Leslie het vasgestel dat sekere gebiede van die Vaalrivier bo alle twyfel op verskillende tye deur die prehistoriese mense bewoon is.[2]

Die natuur dra ook by tot die kultuurvorming van die mens. Reeds gedurende 1893 het Sammy Marks besluit dat die Duitse tuinboukundige, Otto Brandmuller, 'n pragtige bos van sowat 2 000 morge op die Vrystaatse oewer, moes aanplant. In een jaar alleen het hy 1 miljoen bome geplant. [3]

Die hout wat hierdie bos opgelewer het is vir stutpale en timmerhout in die myne en die plaaslike boubedryf gebruik. Duisende appelbome wat aangeplant is was so geslaagd dat die gebied uiteindelik as die "appelgordel" bekend geword het.[4]

Die kultuurvlak van die mens word in 'n groot mate deur sy omgewing bepaal. Dorpsbeplanning het ook 'n belangrike plek in kultuurorganisering van 'n gemeenskap.

## *10.2.2 DORPSBEPLANNING*

Die dorpsbeplanning sou in 'n groot mate die leefwyse van die gemeenskap van Vereeniging beïnvloed. Die belangrikste ontwikkeling op hierdie gebied kan soos volg saamgevat word.

Teen 1882 was die inwonertal in die omgewing van die steenkoolmyne groot genoeg om die stigting van 'n dorpsgebied te regverdig. Die maatskappy het daarop by die Transvaalse regering aansoek gedoen om verlof vir die uitleg van 'n dorpie op die plaas Klipplaatdrift.[5]

Die plan vir die dorpsgebied is deur Johan Rissik opgestel en dit is deur E. Jorissen opgemeet en afgepen. Elke erf was 200 voet by 100 voet groot, en vier akker is as 'n markplein uitgehou. Drie akker is vir 'n kerkhof afgesonder.

Op hierdie groot erwe kon byna 'n volledige plattelandse leefwyse voortgesit word. Die talle melkkoeie en ander diere wat die Afrikaners in die dorp aangehou het was vir die Engelse immigrante 'n vreemde gewoonte.[6]

---

2 A.J.G. Oosthuizen, ***'n Geografiese opname van die Vaalrivierdal*** ..., p.133.

3 Anon., "Men, skills and resources", T. Oosterbroek (Ed.), ***Vaal river complex: industrial growth point of the eighties***, p.122.

4 R.L. Leigh, ***Vereeniging: South Africa***, p.60.

5 Kyk hoofstuk 5, pp.59 e.vv. vir meer besonderhede.

6 Anon., ***Dagboek van Britse immigrant***, p.160.

Hoewel die woonbuurtontwikkeling reeds beskryf is[7], is dit interessant om daarop te let hoe dorpsbeplanning die leefwyse van die gemeenskap van Vereeniging beïnvloed.

Gedurende die vestigingsjare was die infrastruktuur in die dorp nog nie volledig ontwikkel nie. Daar was byvoorbeeld 'n tekort aan huise vir blankes in Vereeniging.[8] In die noordelike gedeelte van die dorp was daar 'n groep huise wat as "Blikkiesdorp" bekend gestaan het. Hierdie huise was van sinkplate gemaak. Gedurende 1920 was daar ook nog geen straatligte nie. Hierteenoor was steenkool goedkoop in Vereeniging en almal het koolstowe gehad.[9]

Hoewel Vereeniging Estates byvoorbeeld in 1941 sowat 340 standplase in Peacehaven dorpsgebied teen R50 per erf vrygestel het, het oorlogsbepalings op arbeid en materiaal die bou van woonhuise tot 1944 vertraag.

In dieselfde jaar is die dorpsgebied Drie Riviere, geproklameer. Begrens aan drie kante deur die Vaal-, die Klip- en die Suikerboschrandriviere is hierdie voorstad aan die oostekant van Peacehaven, naby die gholfbaan van die Vereenigingse Buiteklub, uitgelê. Drie Riviere het 'n voorstad vir die meer welvarende inwoners geword.

Noord van hierdie voorstad, op die westelike oewer van die Kliprivier, is Drie Riviere Uitbreiding 1, ook in 1944 geproklameer.[10] Gedurende 1953 is standplase in die voorstad Arcon Park, wes van die Johannesburgpad en Risiville, noordwes van die Kliprivier bemark.[11]

Gedurende die sestigerjare was die blanke bevolking van hierdie noordelike woongebiede oorwegend Afrikaanssprekend. Statistiek toon dat gedurende hierdie jare 75,6% van die skoolgaande kinders in die gebied Afrikaanssprekend was. Volgens die 1958 skoolgetalle was 30,8% van Vereeniging se skoolgaande jeug Engelssprekend (privaatskole ingesluit).[12]

---

7 Kyk hoofstuk 5, pp.76 e.vv. vir meer besonderhede.

8 Kyk hoofstuk 5, pp.68 e.vv. vir meer besonderhede.

9 Anon., ***Dagboek van Britse immigrant***, p.15.

10 R.L. Leigh, ***Vereeniging: South Africa***, p.88.

11 R.L. Leigh, ***Vereeniging: South Africa***, p.92.

12 A.J.G. Oosthuizen, ***'n Geografiese opname van die Vaalrivierdal ...***, p.125.

## 10.2.3 DIE INVLOED VAN DIE TWEEDE VRYHEIDSOORLOG OP DIE KULTUURSITUASIE

Na 1892 het Vereeniging, soos die ander dorpe in Transvaal, deel van die ZAR gevorm. Die dorp was dus aan die regeringsgesag van die ZAR onderworpe. Die inwoners van Vereeniging was hoofsaaklik blanke Afrikaners hoewel daar ook ander nasionaliteite in die dorp voorgekom het. Met die uitbreek van die Tweede Vryheidsoorlog sou Vereeniging dus ook by die oorlog betrokke raak.

J.S.N. Hugo, die resident-vrederegter, het voor die uitbreek van die oorlog opdrag gekry om die name van Engelse onderdane wat volgens sy mening die ZAR moes verlaat aan die regering te verstrek. Hy het 'n naamlys van hierdie immigrante saamgestel wat meestal uit mynwerkers en ambagsmanne bestaan het.

Die persone wie se name op hierdie lys verskyn het is kans gegun om met die middagtrein van 10 Oktober 1899 die ZAR te verlaat. Op hierdie wyse het Vereenigingstasie die toneel van die sogenaamde groot uitlanderuittog geword.

Die Veldkornet het ook reëlings getref vir die bewaking van die brug. Hiervoor is 30 manskappe aangestel wat uit twee Britse onderdane, een Jood, 14 spoorwegbeamptes en senior inwoners oor die 60 jaar bestaan het. Die Vrederegter was egter nie gelukkig met hierdie manne wat vir die bewaking van die brug aangestel is nie, want volgens hom was hulle geheel en al ongeskik en selfs gevaarlik. Hy het aanbeveel om liewer gewapende manne permanent vir hierdie werk te benoem.

Gedurende die oorlog sou Vereeniging 'n baie belangrike sleutelposisie vir die gebiede soos Kroonstad, Dundee, Vryheid en Klerksdorp word. As deurvoerstasie het Vereeniging ook druk verkeer in lewende hawe, kos vir die burgers, voer vir die perde en ammunisie ondervind.

Na die boeremagte se neerlaag in die Vrystaat en gevolglik noordwaartse opmars van die Engelse is twee divisies onder generaal Schoeman te Vereeniging gestasioneer om die vername strategiese punt teen 'n Britse aanval te beskerm.[13]

Op 22 Mei 1900 is voorbereiding deur lord Roberts in Kroonstad gemaak om na Vereeniging op te ruk. Roberts se aanvalsplan was om Meyerton deur een van sy flanke te beset en dan met sy hoofmag, wat hyself sou lei, oor Taaiboschspruit na Viljoensdrift op te ruk.

Met Roberts se verskyning tussen Viljoensdrift en Taaiboschspruit op 26 Mei 1900, het die boeremagte onder generaal L. Botha tot by Meyerton teruggeval. Generaal Botha het aan sy

---

13 H. Stander, ***Die ontstaan en ontwikkeling van Vereeniging*** ..., pp.37,38.

verkenners Theron en Malan opdrag gegee om soveel as moontlik skade aan die treinspoor by Vereeniging aan te rig en om die treinbrug op te blaas. Ongelukkig het dit nie veel gehelp nie. Die boeremagte was nie opgewasse om Vereeniging teen die aanval van Roberts te beskerm nie. Na enkele skermutselinge het lord Roberts se infanterie die Vaalrivier te Viljoensdrift deurgegaan en op 27 Mei 1900 is Vereeniging deur die Engelse beset.[14]

Nadat berigte deur die Engelse ontvang is dat die boere 'n teenaanval vanaf Irene wou loots is Engelse versterkings in allerhaas na Vereeniging gestuur. Intussen het die Engelse ook 'n tydelike brug oor die rivier opgerig wat tesame met die dorp en steenkoolmyn streng bewaak is.[15]

Vereeniging is nie net deur die Engelse beset nie maar 'n konsentrasiekamp is ook hier opgerig. Die konsentrasiekamp was aan die suidoostelike hoek van die dorpsgebied geleë. Die kamp was in twee dele verdeel, een deel vir die vrywillige vlugtelinge en die ander deel vir vroue en die kinders wat onder arres daarheen gebring is. In die eersgenoemde kamp was baie mans wat deur die Engelse gebruik is om die buitgemaakte vee op te pas. Die Distrikskommissaris was in beheer van hierdie kamp wat weer op sy beurt 'n Kampsuperintendent aangestel het.

Geen voorsiening vir die was van klere en 'n wasplek is gemaak nie en die vrouens moes hulle klere in die rivier gaan was. Daar is selfs nie voorsiening vir drinkwater gemaak nie en die geïnterneerders was genoodsaak om dit in die Kliprivier te gaan skep, op 'n plek waar die swart mense 'n entjie stroomop gebaai en wasgoed gewas het. Dit het meegebring dat maagkoors gou in die kamp uitgebreek het.

Hierdie konsentrasiekamp te Vereeniging was nie baie groot nie. Dit het ongeveer 250 vroue en kinders gehuisves.[16] Dit het ook nie veel verskil van ander konsentrasiekampe op ander plekke in die land nie. Dieselfde toestande wat in die ander kampe voorgekom het, het ook hier geheers. In hierdie kamp het daar ook baie sterftes as gevolg van siektes soos maagkoors, masels, pneumonia, stuipe, disenterie en brongitis voorgekom.[17]

In hierdie omstandighede het vredesonderhandelinge te Vereeniging 'n werklikheid geword. Hierdie oorlog was gekenmerk deur verskynsels soos swart murasies, vars grafte,

---

14 J.H. Breytenbach, ***Die geskiedenis van die Tweede Vryheidsoorlog in Suid-Afrika, 1899-1902***, deel 5, p.518.

15 H. Stander, ***Die ontstaan en ontwikkeling van Vereeniging ...***, p.39.

16 ***Vaalster*** (bylaag), Mei 1992: berig.

17 H. Stander, ***Die ontstaan en ontwikkeling van Vereeniging ...***, pp.40,41.

gewondes, gevangenes, ontvoerders en ontworteldes. Verder was vrugteboorde afgekap en saailande is deur onkruid oorgeneem.

Hierdie omstandighede was in April 1902 nog aan die orde van die dag. Terwyl gevegte voortgeduur het was daar sprake van vrede. Die boodskap van die vredesonderhandelinge is in hierdie omgewing deur generaal Hertzog aan kommandant van Niekerk oorgedra en generaal De Wet het weer op sy beurt die nuus aan die oostelike dele van die Vrystaat gebring. Hierdie vredesonderhandelinge is deur samesprekings te Klerksdorp en Pretoria, asook 'n skietstilstandooreenkoms van 15 Mei tot 31 Mei 1902, voorafgegaan. Generaals De Wet en Hertzog het rond gereis om afgevaardigdes na die Vredesberaad op Vereeniging te kies.[18] Daar is besluit dat daar vir elke distrik 'n afgevaardigde moet wees. Hierdie afgevaardigdes moes die onderhandelinge namens die Volksrade, wat nie meer bestaan het nie, voer.

Dertig afgevaardigdes vir die Vrystaat en dertig vir Transvaal is gekies. Dit was stoere boere-offisiere wat drie jaar vir die vryheid geveg het, wat nou na Vereeniging gegaan het om oor die toekoms van 'n volk te besluit. Die kommando's het egter op die velde agterbly wat hoopvol uitgesien het na die dag wanneer die afgevaardigdes sou terugkom.[19]

Die sestig afgevaardigdes het op 15 Mei 1902 op Vereeniging byeengekom. Die Vrystaatse Republiek is namens hul regering deur president Steyn verteenwoordig, wat siek en afgerem was, en die ZAR is deur die waarnemende president Schalk Burger verteenwoordig.

Die kampterrein waar die vredesonderhandelings plaasgevind het, is op die perseel van die destydse Brick & Tile Company Limited teenoor die ingang na die pompstasie van die Randse Waterraad in Barrageweg opgerig.[20]

Lord Kitchener was vir die oprigting van hierdie kampterrein verantwoordelik. Tente vir die Vrystaatse afgevaardigdes is in die suidwestelike deel van die kampterrein opgeslaan. Die tente vir die Transvaalse afgevaardigdes is in die noordwestelike deel van die kampterrein opgeslaan. In die middel was 'n groot tent "der Zamenkomst:" opgerig waarin die boere-offisiere van die twee republieke byeengekom het om die toekoms van hul volk te bespreek en om vir die vryheid van die twee republieke te pleit.[21] Die kamp het onder beheer van J.G. Torrance, 'n werknemer van Sammy Marks gestaan. 'n Militêre kordon is rondom die

18 J.S. du Plessis, "Enkele gedagtes oor die betekenis van die vrede ...", pp.50 e.vv.

19 Vgl. J.D. Kestell & D.E. van Velden, ***Die vredesonderhandelinge tussen die regerings van die twee Suid-Afrikaanse Republieke en die verteenwoordigers van die Britse regering wat uitgeloop het op die vrede wat op 31 Mei 1902 op Vereeniging gesluit is***, pp.51-54.

20 ***Vaalster*** (bylaag), Mei 1992: berig.

21 Anon., "Company histories, no. 4: the Vereeniging Estates", pp.23,24.

kamp sowel as die dorp getrek en niemand is toegelaat om die gebied sonder 'n spesiale permit binne te gaan nie. Hierdie streng veiligheidsmaatreëls spreek duidelik uit die ondervinding wat dr. T.N. Leslie in hierdie tydperk beleef het. Hoewel hy 'n bekende gesig in Vereeniging was, is hy telkens met die opdrag "eyes front" begroet wanneer hy by die kamp verbygery het.[22]

Generaal C.F. Beyers is tot voorsitter en ds. J.D. Kestell en mnr. D.E. van Velden tot sekretarisse van hierdie vredesbyeenkoms verkies. Vanuit die staanspoor was die vergadering kriewelrig en gespanne. Dit was gou duidelik dat die afgevaardigdes in twee kampe verdeel is. Die oostelike Transvaal wou net vrede maak en was sonder hoop, terwyl die res van Transvaal en die Vrystaters, met net uitsondering van een, nie wou vrede maak voordat hulle nie hulle onafhanklikheid terugkry nie. Die samesprekinge het tot 29 Mei 1902 voortgeduur.

'n Afvaardiging van hierdie vergadering is na lord Milner en lord Kitchener in Pretoria gestuur met die bekende voorstel waarop die vrede gegrond is. Hulle het te kenne gegee dat hulle in geen ander voorstel belanggestel het as in die voorstel waarin die twee republieke hul volle onafhanklikheid prysgee nie. Die voorstel moes voor Saterdagnag 31 Mei, om 12:00, aanvaar word. Indien die voorstel nie aanvaar word nie sou die stryd voortgaan.

Hierdie voorstel is voor die vergadering gelê en hulle moes daaroor stem. Die stemming het soos volg plaasgevind. Elke afgevaardigde se naam is afgelees waarop die persoon moes aandui of hy ten gunste of teen die voorstel is. Die uitslag was 54 ten gunste van die voorstel en 6 afgevaardigdes teen die voorstel. Na die uitslag was die vergadering doodstil, verslaentheid en hartseer het geheers. Na die stemming is die vergadering uiteen. Op 31 Mei 1902 is die vrede van Vereeniging in Melrosehuis, Pretoria onderteken.[23]

Hiermee het die republieke hul vryheid verloor, wat ook vir Vereeniging sekere implikasies ingehou het.[24]

---

22 T.N. Leslie, ***Diary***, p.68; vgl. ook Vereeniging Museum, ***Gedenkuitgawe (75): vrede van Vereeniging, 31 Mei 1902***, p.13.

23 J.D. Kestell & D.E. van Velden, ***Die vredesonderhandelinge...***, pp.168-175; W.J. de Kock, "Die ondertekening van die vrede van Vereeniging in Melrosehuis, Pretoria", ***Pretoriana***, vol. 28, Desember 1958, p.18.

24 Kyk hoofstuk 6, pp. 139 e.vv. vir verdere besonderhede.

### *10.2.4 DIE VOLKERE VERSKEIDENHEID VAN VEREENIGING*

Die kultuursituasie in Vereeniging is deur verskillende volksgroepe beïnvloed. Daar was 'n groot verskeidenheid volksgroepe in Vereeniging woonagtig.[25]

Die verarmde plattelandse Afrikaner het meestal as 'n laaste heenkome na die stede getrek. Hierdie gedwonge verstedeliking het die Afrikaner se hele lewenstyl verander.[26] Die plattelandse Afrikaner was hoofsaaklik onopgelei en onvoorbereid op die verstedeliking en die daaruit voortvloeiende mededinging op alle lewensterreine waarmee hy te kampe gehad het.[27]

Die landelike aard van die boeregemeenskap is ook in hul besoeke aan die dorp weerspieël. Daar was 'n rustige leeftempo waargeneem van die mense wat byvoorbeeld gedurende nagmaalgeleenthede in die dorp uitgekamp, hulle inkopies gedoen en dan weer na hul plase teruggekeer het.[28]

In Vereeniging was die Engelse kultuur alreeds gevestig deur die groot groep opgeleide vakmanne en mynwerkers wat die nywerheidsproses op dreef moes bring en wat aan mededinging gewoond was. Hulle het vanuit 'n verstedelikte omgewing na Suid-Afrika geïmmigreer. Hulle was egter ongewoon aan die swart mense en Afrikaners se eenvoudige lewenswyse. Daarby was dit vir die immigrant 'n nuwe vaderland. Hier moes hy sy kultuur behou of gedeeltelik prysgee.[29]

Die ontplooiing van hierdie veranderings moet ook teen die veranderende omstandighede, wat na die Tweede Wêreldoorlog geheers het, gesien word.

Die staalwerkers het hoofsaaklik van Brittanje gekom. Die mense het aanvanklik in huise gebly wat deur USKO voorsien is. Die skofwerker met sy kos in 'n metaalblik en sy koffiekan op pad werk toe en terug, was 'n tipiese gesig in die strate van Vereeniging.[30]

Hierteenoor was daar ook die bykans onopsigtelike teenwoordigheid van die swart arbeiders in die gemeenskap. Die verstedelikte swart arbeiders is slegs vanweë hul arbeid gedul d. Die

---

25 ***Vereeniging News***, 27 October 1939: report.

26 F.A. van Jaarsveld, ***Die evolusie van apartheid en ander geskiedkundige opstelle***, p.32.

27 Anon., ***Dagboek van Britse immigrant***, p.169; F.A. van Jaarsveld, ***Die Afrikaners se groot trek na die stede en ander opstelle***, pp.168 e.vv.

28 Anon., ***Dagboek van Britse immigrant***, p.31.

29 Anon., ***Dagboek van Britse immigrant***, pp.1,12.

30 Anon., ***Dagboek van Britse immigrant***, pp.12,73.

swart mense se aanwesigheid sou eers met sy aanspraak op politieke regte gedurende die laaste dekades, tot die blanke deurdring.[31]

Indiërgesinne het gewoonlik in die dorp, agter in hul winkels, gewoon. Voordat die Indiërwoonbuurt Roshnee gestig is het sommige van hierdie mense in die swart woonbuurt gewoon. Hulle het ook nie aan die blankes se sosiale lewe deelgeneem nie.[32]

Die verskeidenheid van volkere wat in Vereeniging woonagtig was het dus 'n verskeidenheid van kulture verteenwoordig. Dit is opvallend dat die gemeenskap van Vereeniging 'n intense vertroue in die omgewing se toekoms openbaar het. In sommige gevalle was die toekomsdrome vir die gebied selfs ietwat onrealisties.[33]

Die Afrikaners en die Engelse het hul kultuur volgens hul eie belange georganiseer. Mettertyd het daar egter sodanige kultuuroordrag plaasgevind dat die twee groepe gesamentlik by sommige kultuuraktiwiteite betrokke was soos die toneelopvoerings en selfs Republiekfeeste wat vanaf die sestigerjare in Vereeniging gehou is. Kultuurorganisasies en -verenigings het sedert die vroegste jare gepoog om die kultuurvlak van die mense in Vereeniging te verhoog.

## 10.3 KULTUURORGANISERING IN VEREENIGING

In hierdie afdeling word die verskillende kultuurvorme wat deur kultuurorganisering tot stand gekom het, beskryf.

### *10.3.1 DIE LEEFWYSE IN 'N GEÏNDUSTRIALISEERDE GEMEENSKAP*

Soos reeds vermeld het die industrialiseringsproses in Vereeniging hoofsaaklik deur die arbeid van mans op dreef gekom. Die kultuurvlak van die blanke Suid-Afrikaanse vrou van die twintiger- en dertigerjare is beïnvloed deur die feit dat die meeste van die vrouens nie verder studeer het nie. Die vrouens was meer daarop ingestel om tuisteskeppers vir 'n gesin te wees. Slegs hier en daar het vroue na kolleges en universiteite gegaan om gewoonlik onderwys te studeer. As 'n onderwyseres in die huwelik getree het, moes sy gewoonlik haar pos onmiddellik verlaat. Hierdie ondergeskikte sosiale posisie van die vrou was

---

31 *Vereeniging News*, 4 August 1939: report.

32 Anon., *Dagboek van Britse immigrant*, p.161.

33 Anon., "Men, skills and resources", T. Oosterbroek (Ed.), *Vaal river complex: industrial growth point of the eighties*, p.121.

kenmerkend van die vrou se omstandighede gedurende hierdie jare. Die vroue in Suid-Afrika het byvoorbeeld eers gedurende 1930 stemreg verkry.[34]

Meer vrouens het egter tydens die Tweede Wêreldoorlog tot die arbeidsmark toegetree. Stewarts & Lloyds het byvoorbeeld na die uitbreek van die oorlog ook ammunisie vervaardig en ook van vrouearbeid vir hierdie bedryfstak gebruik gemaak.[35] Hierdie omstandighede het 'n invloed op die kultuurvlak van heelwat vrouens gehad omdat hulle met heelwat nuwe kulture in aanraking gekom het en die feit dat daar noodwendig kultuuroordrag plaasgevind het. Dit was egter nie altyd positief gewees nie.

Soms was die vroue se werksomstandighede nie na wense nie. Volgens wetgewing moes elke werkgewer op aangewese plekke minstens een sitplek vir elke drie of minder vroue aanbring.[36] Hierdie tipe reëlings het nie altyd in die praktyk gerealiseer nie. Na die Tweede Wêreldoorlog het die mans weer na die arbeidsmark teruggekeer en het die vroue nie meer die arbeidsmark in Vereeniging oorheers nie.[37]

Die blankes se poging om hul kultuurtradisies in hierdie nuwe geïndustrialiseerde samelewing te bewaar is veral in hul kleredrag weerspieël. Die immigrante mans het gedurende die twintigerjare en dertigerjare gewoonlik 'n snyerspak gedra. Die mans van die dertigerjare het 'n weermaghaarstyl, wat kort agter was, gedra. Hulle het ook hul hare met haarolies en -room gesmeer om dit netjies te hou. Baarde is maar min gedurende hierdie tydperk gedra.[38]

Die verstedelikte Afrikaner-mans het aanvanklik gepoog om hul tradisionele boereklere te behou. Gewoonlik het hul kakieklere, kruisbande en 'n hoed gedra.

Sommige immigrantekinders van die twintigerjare het nie die plaaslike skole besoek nie. Die kinders is deur 'n goewernante onderrig en sommige is dan later na kosskole in Johannesburg gestuur. Van hierdie immigrante het veral na die Tweede Wêreldoorlog, die land weer verlaat.[39]

Vir ontspanning was daar Saterdagaande 'n "bioscope"-vertoning in die stadsaal gehou. Na vertonings op Saterdagaande moes die saal skoongemaak word vir eredienste wat Sondae

---

34 Anon., ***Dagboek van Britse immigrant***, p.92.

35 Anon., ***Dagboek van Britse immigrant***, p.107.

36 J.J. du Plessis, ***Die kosteprobleem as gevolg van wetgewing in Suid-Afrika*** ..., p.29.

37 Anon., ***Dagboek van Britse immigrant***, p.107.

38 Anon., ***Dagboek van Britse immigrant***, p.178.

39 Vgl. ***Vereeniging and Vanderbijlpark News***, 13 April 1979: report.

ook in die saal gehou is. Nadat die Grand Hotel gebou is het dit die sosiale bymekaarkomplek van die inwoners geword.[40]

Gedurende die tagtigerjare was die blanke gemeenskap van Vereeniging se kultuurvlak oor die algemeen op 'n hoër vlak gewees. Die swart gemeenskap het egter aangedring om deel van hierdie kultuur te vorm. Die laaste dekade se kultuuromstandighede is dan ook hoofsaaklik deur politieke omstandighede in die land beïnvloed.

Vereeniging sorg ook vir sy senior burgers, deur filmvertonings, bingo-aande, verskeidenheidskonserte, oggendtees en uitstappies vir hulle te reël. Die Rotariër- en Lionsklubs bied ook vermaaklikhede aan by verskillende aftree-oorde.

Tans bestaan die kulturele fasiliteite van Vereeniging uit 'n stadskouburg, museum en biblioteek wat in die sentrale sakegebied voorsien word. Die biblioteek speel 'n belangrike rol in die kultuurlewe. Deur die biblioteek word die kulturele beïnvloeding as sy gebruikers vergroot.[41]

Etlike ander kultuurorganisasies soos byvoorbeeld die Voortrekkers, Boy Scouts, Natuurleweverenigng, Tafelronde, Toastmasters, Leserskring, die Afrikaanse Kultuurraad met geaffilieerde organisasies soos Rapportryerskorpse, Junior Rapportryerskorpse en die takke van Jong Dames Dinamiek (JJD) kom ook voor.[42]

### *10.3.2 DIE ORGANISERING VAN SANG EN MUSIEK*

Sedert die vroegste tye is daar op 'n georganiseerde wyse gesing en musiek gemaak wat tot 'n belangrike kultuuraktiwiteit in Vereeniging ontwikkel het.

Die wyse waarop musiek reeds gedurende die vroegste jare in Vereeniging beoefen is, is kenmerkend van die volgehoue belangstelling wat die gemeenskap in hierdie kultuuraktiwiteit gehad het. Een van die eerste polisie sersante se stokperdjies was byvoorbeeld om musiek te maak. Hy was dan ook lid van Vereeniging se eerste orkes. Tora White het die eerste musieklesse gegee. Gedurende die twintigerjare is daar ook musieklesse deur mev. Dixon gegee. Skoolkonserte was gewilde byeenkomste wat in die stadsaal plaasgevind het.[43]

---

40 Anon., ***Dagboek van Britse immigrant***, pp.15-30; ***Vereeniging News***, 30 November 1939: report.

41 Stadsraad van Vereeniging, ***Vereeniging: aansoek om*** ..., pp.115,120.

42 Stadsraad van Vereeniging, ***Vereeniging: aansoek om*** ..., p.39; vgl ook ***Vereeniging News***, 1 April 1948: report; ***Vereeniging News***, 23 September 1938: report; ***Vereeniging News***, 16 March 1945: report; ***Vereeniging News***, 28 July 1944: report; ***Vereeniging News***, 6 November 1948: report.

43 Anon., ***Dagboek van Britse immigrant***, p.41.

Die musiek by informele danse, voor die Tweede Wêreldoorlog, is gewoonlik deur 'n grammofoon verskaf. Die danse soos 'n wals, foxtrot, one-step en 'n tango is gewoonlik gedans. Met hierdie ontspanning het daar tussen die verskillende blanke groepe besondere kultuuroordrag plaasgevind.[44]

Die na-oorlogse musiekaktiwiteite van Vereeniging is onder andere gekenmerk deur die musiek van populêre oorlogsliedjies soos: "The Bells of St. Mary's", "Look for the silver lining" en "Till we meet again" wat op 'n geesdriftige wyse aangebied is.[45]

Die stadsaal is vir formele danse gebruik. Later het hierdie danspartye ook in die Grand Hotel, Royal Hotel en die Riviera Hotel plaasgevind.[46] Later het 'n verskeidenheid van dansskole in die aanvraag vir ballet, moderne-, Spaanse-, klop- en akrobatiesedanse voorsien. Die wêreldberoemde danseres, Juliet Prowse, het haar eerste dansklasse in een van hierdie dansskole ontvang.[47]

'n Orkesvereniging is reeds in 1930 in Vereeniging gestig. Die vereniging het egter doodgeloop en is weer in 1933 herstig. Die doel van die vereniging was om alle musieksoorte aan die publiek bekend te stel deur middel van musiekaande en ander aktiwiteite wat deur die vereniging gereël is.[48] Dit was 'n gerespekteerde orkes waarin leidende en persoonlikhede in die gemeenskap soos dr. Dixon sowel as dr. Feldman betrokke was.[49]

Vanaf 1941 kon Vereeniging ook met 'n aantal kore, wat onder verskeie dirigente opgetree het, spog.[50] Vereeniging beskik oor twee groot musieksentrums wat onderrig in klavier en ander orkesinstrumente, aan 'n groot aantal leerlinge van die gemeenskap verskaf.[51]

Die Calvinistiese Kultuurkring (CKV) van die Vaaldriehoek is in 1977 gestig. Die doel van die vereniging is om die waardering vir en uitvoering van klassieke musiek te bevorder. Hierdie

---

44 Anon., ***Dagboek van Britse immigrant***, pp.100 e.vv.

45 Anon., ***Dagboek van Britse immigrant***, pp.179,180; vgl. ook ***Vereeniging and Vanderbijlpark News***, 6 December 1963: report; ***Vereeniging and Vanderbijlpark News***, 16 March 1979: report.

46 Anon., ***Dagboek van Britse immigrant***, p.160.

47 Stadsraad van Vereeniging, ***Vereeniging: aansoek om*** ..., p.110.

48 ***Vereeniging News***, 7 April 1933: report.

49 Anon., ***Dagboek van Britse immigrant***, p.119.

50 Stadsraad van Vereeniging, ***Vereeniging: aansoek om*** ..., p.109.

51 Stadsraad van Vereeniging, ***Vereeniging: aansoek om*** ..., p.111.

vereniging het in die 15 jaar van sy bestaan 55 musiekaanbiedings van hoë gehalte aan die publiek gebied.[52]

Die Vereenigingse Musiekvereniging is in Junie 1948 gestig en het eers as die Vereeniging Musiekkring, bekend gestaan. Die doelstellings van die vereniging was om liefde en waardering vir goeie musiek deur middel van publieke uitvoerings deur professionele musici te bevorder. Hierdie vereniging het ook, behalwe ander bedrywighede, plate-aande en musiekkonserte gehou. Vanaf 1949 het hierdie vereniging as die Vereenigingse Musiekvereniging bekend gestaan.[53]

Gedurende die tagtigerjare was daar verskillende kore wat in Vereeniging bestaan het. Daar was die Vereeniging Male Voice Choir, Kerk-Koraalkoor van Vereeniging, Vereeniging Sang- en Musiekverenigingkoor, Bach-koor, Royal Welsh Choir.[54] Die Stadskoor van Vereeniging het vir verskeie optredes van hoogstaande gehalte gesorg.[55]

### *10.3.3 AMATEUR TONEELVERENIGINGS*

Oor die afgelope aantal jare het daar die volgende ontwikkelings op hierdie kultuurfront plaasgevind.

Mev. Kate Dixon was 'n pionier op hierdie gebied en was die eerste persoon wat 'n toneelstuk in die eerste stadsaal aangebied het. Onder haar leiding is daar gedurende die twintigerjare verskeie toneelstukke aangebied. Daar was soms probleme gewees, soos die probleem dat sommige van die professionele akteurs geweier het om in Vereeniging se stadsaal op te tree. Die fasiliteite was volgens hulle nie op standaard nie.[56] Skole het egter hierdie fasiliteite dikwels gebruik en aktief aan toneelopvoerings deelgeneem.[57]

'n Opera en Dramavereniging is in 1933 in Vereeniging gestig. Hierdie tweetalige vereniging is 'n goeie voorbeeld van hoe Afrikaans- en Engelssprekendes saam hul kultuur uitgeleef

---

52 Stadsraad van Vereeniging, ***Vereeniging: aansoek om ...***, p.110.

53 T. van Wyk, ***Die Vereenigingse Musiekvereniging*** (ongep. verslag, Vaal Teknorama, Vereeniging, 1991), pp.1,2.

54 T. van Wyk, ***Uitvoerende kunste: toneel en musiek*** (ongep. verslag, Vaal Teknorama, Vereeniging, 1991), pp.1,2.

55 Stadsraad van Vereeniging, ***Vereeniging: aansoek om ...***, p.110.

56 Anon., ***Dagboek van Britse immigrant***, p.123.

57 ***Vereeniging News***, 1 March 1946: report.

het.[58] In 1940 het die Dramavereniging byvoorbeeld besluit om die stuk "The Gondoliers" op te voer. 'n Nuwe komitee is ook vir die vereniging in 1940 gekies, wat uit die volgende lede bestaande het: mnr. J. White (voorsitter), mnr. A.E. English (ondervoorsitter), mej. M. Dickinson (sekretaresse), mnr. Morrison (tesourier). Ander lede was mev. G. de Smidt, mej. R. Deakin en mnr. C. Jacobs.[59]

Die Jewish Society van Vereeniging wat in 1938 gestig is het ook 'n bydrae tot die toneelwêreld gelewer, deur die voorlesing van toneelstukke deur die Joodse lede van die vereniging. Die vereniging het in 1938 lof van die gemeenskap ontvang vir die voorlesing van die stukke "The Perfect Marriage" en "The Purple Chamber".[60]

Die Vereeniging Opera en Drama Vereeniging (VODS) is in 1961 gestig, en het die bevordering van die uitvoerende kunste ten doel. Dit is 'n tweetalige vereniging.[61] VODS was deur die jare baie aktief en het na 30 jaar alreeds 100 opvoerings op die planke gebring.[62] Gedurende 1982 was die jaarlikse subskripsiegelde R5 vir volwassenes en R2 vir studente.[63] Mettertyd het daar ses drama-ateljees in Vereeniging ontwikkel. Hierdie ateljees dek 'n wye veld soos die digkuns, die teater, redenaars en debattering.[64]

Sedert die laaste dekades het die volgende organisasies die amateur toneelkuns aktief in Vereeniging bevorder:

- Vereeniging Amateur Operatic and Dramatic Society.
- Vereeniging Amateur Dramatic Society.
- Vereeniging Playreading Society.
- Vereeniging Players.

---

58 *Vereeniging News*, 12 April 1940: report; Anon., *Dagboek van Britse immigrant*, pp.130,132; *Vereeniging and Vanderbijlpark News*, 9 April 1965: report.

59 *Vereeniging News*, 12 April 1940: report.

60 *Vereeniging News*, 29 July 1938: report.

61 *Vereeniging and Vanderbijlpark News*, 9 April 1965: report; *Vereeniging and Vanderbijlpark News*, 19 February 1982: report.

62 T. van Wyk, *Die Vereeniging Opera en Dramavereniging* (ongep. verslag, Vaal Teknorama, Vereeniging, 1991), pp.1-7; *Vereeniging and Vanderbijlpark News*, 12 August 1966: report; Stadsraad van Vereeniging, *Vereeniging: aansoek om ...*, p.109.

63 *Vereeniging and Vanderbijlpark News*, February 1982: report.

64 Stadsraad van Vereeniging, *Vereeniging: aansoek om ...*, p.110.

- Vereeniging and District Arts Festival Society.
- Stewarts and Lloyds Dramatic Society.
- Vereeniging Amateur Dramatic Association.
- Vereeniging Intimate Players.
- Vereeniging Afrikaanse Toneelvereniging.
- Stewarts and Lloyds Amateur Dramatic Society.
- Vereeniging Operatic and Dramatic Society.
- Vereeniging Music Society.
- Vereeniging Kultuurraad.
- Calvinistiese Kultuurkring van die Vaaldriehoek.[65]

Die Stadskouburg van Vereeniging het ook 'n groot bydrae tot kultuurontwikkeling van die gemeenskap gelewer.[66] Die stadskouburg maak deel uit van die Vereeniging se Burgersentrum en het, benewens die 664 sitplekke in die ouditorium op 'n hellingvlak en 'n balkon, ook verhoogwaens, 'n dubbelhoof-vliegtoring met 30 teengewiglatte, orkesruimte vir ongeveer 40 musici en moderne verhoogklanktoerusting en van die mees moderne beligtingstoerusting, wat die teater vir alle soorte opvoerings geskik maak.

Gedurende die veertienjarige bestaan van die stadskouburg is daar steeds 'n groeiende aantal vertonings van hoogstaande gehalte op die planke gebring.[67]

### *10.3.4 KUNSUITSTALLINGS*

Die inwoners se kunstalente het reeds sedert die vroegste jare aandag getrek en 'n groot hoeveelheid plaaslike kunstenaars kom in die dorp se geskiedenis voor. In die vroeë jare was een van die plaaslike sersante se stokperdjies byvoorbeeld om te skilder.[68]

---

65 T. van Wyk, ***Uitvoerende kunste: toneel en musiek***, pp.1,2.

66 ***Vereeniging and Vanderbijlpark News***, 7 December 1973: report.

67 Stadsraad van Vereeniging, ***Vereeniging: aansoek om ...***, pp.105-108.

68 Anon., ***Dagboek van Britse immigrant***, p.41.

In 1951 is die Vereeniging Art Club (Vereeniging Kuns Klub) gestig, wat ten doel gehad het om die kunste en veral die talent van plaaslike kunstenaars te bevorder.[69] Die Kunsvereniging van Vereeniging was aktief en het verskillende Suid-Afrikaanse kunstenaars genooi om hul werke in Vereeniging uit te stal. Gedurende 1952 het hierdie vereniging byvoorbeeld vir W.H. Coetzer genooi om hulle oor kunswaardering toe te spreek.[70]

Deur die jare is daar verskillende kunsuitstallings in Vereeniging gehou.[71] Daar is ook sypaadjie-uitstallings in Vereeniging gehou.[72] Tydens 'n uitstalling van beeldhouwerk in 1956, wat deur die Vereeniging se Afrikaanse Kultuurvereniging gereël is, het die beeldhouer Hennie Potgieter gesê dat beeldhoukuns die barometer van 'n land se beskawingspeil is.[73] Plaaslike kunstenaars het ook talle uitstallings die afgelope jare gehou.[74]

Gedurende 1990 is daar in die Stadskouburg van Vereeniging ook 'n permanente kunsgalery vir kunswerke op die Promenade Galery daargestel. Voorkeur word aan verdienstelike plaaslike kunstenaars gegee.[75]

## *10.3.5 DIE AFRIKAANSE KUNSWEDSTRYDE*

Die Afrikaanse Kunsvereniging van Vereeniging is in 1940 gestig met die doel om jaarliks 'n Afrikaanse Kunswedstryd te reël. Die Letterkunde, Musiek-, Kuns- en Handwerkkomitees en die Finansies- en Propagandakomitees het die verskillende kunswedstrydkategorieë gereël.

Hierdie aktiewe vereniging het elke jaar 'n kunswedstryd gereël. Die kunswedstryde word altyd goed ondersteun en inskrywingsgetalle het al tot sowat 3 000 getel. Daar is na elke kunswedstryd junior- en seniorkunskonserte in die stadsaal gehou. Nieteenstaande hierdie positiewe resultate is die kunswedstryde gedurende die tagtigerjare nie gereeld gehou nie.[76]

---

69 ***Vereeniging News***, 23 November 1951: report.

70 ***Vereeniging News***, 11 April 1952: report.

71 ***Vereeniging and Vanderbijlpark News***, 4 February 1966: report; ***Vereeniging and Vanderbijlpark News***, 9 July 1982: report.

72 ***Vereeniging and Vanderbijlpark News***, 4 February 1955: report.

73 ***Vereeniging and Vanderbijlpark News***, 26 October 1956: report.

74 ***Vereeniging and Vanderbijlpark News***, 16 March 1962: report.

75 Stadsraad van Vereeniging, ***Vereeniging: aansoek om ...***, p.108.

76 T. van Wyk, ***Kunswedstryd*** (ongep. verslag, Vaal Teknorama, Vereeniging, 1991), pp.1-4.

## 10.3.6 FEESVIERINGE

Heelwat feeste word gereeld in Vereeniging gehou. Met hierdie feeste is daar aanvanklik beoog om 'n eie kultuur te behou. 'n Tipiese voorbeeld van hierdie feeste was die fees wat die Groot Trek gedurende 1938 herdenk het. Sommige van die ossewaens wat met hierdie feesvieringe gebruik is het op hul roete na die Voortrekkermonument deur Vereeniging getrek.[77]

Die stigting van 'n Afrikaanse Kultuurraad was een van die pogings wat deur die Afrikaner aangewend is om sy eie kultuur te behou en te beskerm. Die Kultuurraad vorm die plaaslike arm van die Federasie van Afrikaanse Kultuurverenigings (FAK). Vereeniging het ook gedurende 1959 meegedoen aan die landswye Taalfeeste. Die Kultuurraad het ook met die reëlings van die Taalfees gehelp.[78]

Die aanbieding van Republiekfeeste is 'n instelling in Vereeniging. Die Republiekfeeste in Vereeniging, soos elders in die land, was groot kultuuraksies gewees.[79]

Die feesvieringe gedurende die 1992-eeufeesjaar het in styl en omvang die voorafgaande feesvierings in die skadu gestel. Gedurende elke maand van die eeufeesjaar het feestelikhede plaasgevind. Die gemeenskap het hierdie feesvierings in groot getalle bygewoon.[80]

## 10.3.7 KULTUURORGANISERING IN DIE INDIëR- EN KLEURLINGGEMEENSKAPPE

Die kultuurorganisering van veral die blanke gemeenskap in Vereeniging is egter mettertyd deur ander bevolkingsgroepe beïnvloed. Benewens die swart mense wat in die swart woonbuurte gewoon het was daar ook die eerste Indiërfamilies wat hulle gedurende 1904 as handelaars in Vereeniging gevestig het. Die grootste gedeelte van hierdie groep handelaars was Moslems en hul huistaal was Gujerati. Hulle het 'n vreemde en andersoortige kultuur vir die meeste blankes en swart mense gehad. Die meeste van die Indiërs het egter

---

77 Anon., ***Dagboek van Britse immigrant***, pp.160-170.

78 Vgl. Kultuurraad van Vereeniging, Jaarverslag, 1980.

79 C.K. Steyn, Onderhoud, 15 Januarie 1992, {stadsklerk van Vereeniging}; M. Hoogenhout, Onderhoud, 15 Januarie 1992, {burgemeester}.

80 M.L. Milani (samesteller), ***Eeufeesplakboek***, {plakboek in besit van die samesteller} (ongep. plakboek, Vereeniging, 1993), pp.3-251.

mettertyd na Roshnee verhuis.[81] Roshnee is die streekwoongebied vir Asiërs van die Vaaldriehoek.[82]

Gedurende die sewentigerjare is daar al voorsien dat Roshnee dié woongebied sou word wat 'n redelike hoë groeikoers sou handhaaf.[83] Daar is ook beplan dat Roshnee se bevolking deur die Indiërs van Vanderbijlpark aangevul sou word.[84] In hierdie gebied het die Indiërs 'n eie kultuur gehandhaaf.[85] Gedurende 1972 is die nuwe Moskee vir die Indiërs in Roshnee beplan. Die ou Moskee sou slegs gedurende werksure gebruik word.[86] Reeds gedurende 1969 het die Indiërs 'n klub van R100 000 beplan. Hierdie klub sou volgens hul eie kultuur ingerig en gebou word. Die klub sou benewens 'n gimnasium, 'n snoekerkamer, biblioteek, kantore, swembad en tennisbane ook uit 'n gebedekamer bestaan.[87]

Die getalle van die Kleurlingbevolking van Vereeniging wat in Rust-ter-Vaal woonagtig is, het gedurende die periode 1970 tot 1980 afgeplat.[88] As gevolg van die positiewe ekonomiese groei van die gebied het daar egter 'n Kleurlingdorp Ennerdale ten noorde van Vereeniging tot stand gekom.[89]

Alhoewel hierdie mense 'n eie kultuursituasie gehad het, het daar heelwat ontevredenheid gedurende die tagtigerjare in hul geledere voorgekom.[90]

---

81 ***Vereeniging and Vanderbijlpark News***, 4 January 1974: report.

82 Vgl. ***Vereeniging and Vanderbijlpark News***, 7 February 1969: report.

83 ***Vereeniging and Vanderbijlpark News***, 12 January 1973: report; ***Vereeniging and Vanderbijlpark News***, 8 June 1979: report.

84 A. Nieuwoudt, ***Die Vaaldriehoek as verspreide*** ..., p.130.

85 ***Vereeniging and Vanderbijlpark News***, 5 June 1970: report.

86 ***Vereeniging and Vanderbijlpark News***, 7 January 1972: report.

87 ***Vereeniging and Vanderbijlpark News***, 5 December 1969: report.

88 ***Vereeniging and Vanderbijlpark News***, 31 August 1979: report.

89 ***Vereeniging and Vanderbijlpark News***, 19 April 1968: report; Suid-Afrika (Republiek), Kantoor van die Eerste Minister, ***Vaalrivierkompleks*** ..., p.129.

90 ***Vereeniging and Vanderbijlpark News***, 23 February 1979: report.

### 10.3.8 KULTUURORGANISERING IN DIE SWART GEMEENSKAPPE

Die swart mense se kultuuroptrede het aansienlike veranderinge ondergaan. Verstedeliking en die politieke omstandighede in die land het tot hierdie veranderinge gelei.[91] Die swart mense het die stedelike leefwyse vreemd gevind.[92] Hierdie vreemdelingskap is deur hul kroniese armoede en beleidsmaatreëls vererger. Dié maatreëls het veroorsaak het dat daar nie voldoende behuising was nie, dat hulle voortdurend hul passe, verblyfpermitte en kwitansies vir huurgeld moes toon, en les bes klopjagte moes verduur wat onwettige inwoners en bierbrouerye moes uitsnuffel.[93] Polisiehantering van swart mense was nie altyd deur hulle aanvaarbaar gevind nie. Dit het veroorsaak dat hul lewenskwaliteit aan bande gelê is. Die invloed van hierdie aspekte op die swart mense se kultuurlewe word kortliks in hierdie afdeling toegelig.

Die toename in die swart verstedelikingstempo het veroorsaak dat daar nie vir almal woonplek beskikbaar was nie.[94] Dit het veroorsaak dat plakkery toegeneem het.[95] Een van die grootste probleme in Vereeniging was dat daar ook nie vir al hierdie mense werksgeleenthede was nie.[96]

'n Groot persentasie van die alleenlopende jong swart mense in Vereeniging is in fabrieks- of mynkampongs gehuisves.[97]

Hierdie verstedelikingsproses het 'n invloed op die tradisionele kultuurlewe van die swart mense gehad.[98] Met die verstedeliking van die swart mense het daar 'n tweeledige verandering plaasgevind. Daar was 'n verandering vanaf die landelike omgewing na 'n stedelike omgewing en die klem het vanaf landbou na industriële arbeid verskuif.[99]

---

91 *Vereeniging News*, 18 September 1948: report.

92 Vgl. F.A. van Jaarsveld, *Die evolusie van ...*, pp.38,39.

93 Kyk hoofstuk 5, pp.90 e.vv. vir meer besonderhede.

94 *Vereeniging News*, 26 October 1939: report.

95 *Vereeniging News*, 3 November 1939: report.

96 Anon., "A new industrial triangle ...", pp.53,55.

97 A.J.G. Oosthuizen, *'n Geografiese opname van die Vaalrivierdal ...*, p.255.

98 J.P. Aucamp, *Die bepaling van opleidingsbehoeftes en die rol ...*, pp.1-18.

99 N.J. Rhoodie & C.F. Swart, *Sosiale demografie: 'n handboek vir studente in voorgraadse bevolkingsosiologie*, p.380.

Die sosiale aktiwiteite van die mense was ook meesal nadelig vir hul gesinslewe. Drank was in die vroeë jare vryelik beskikbaar, en die mense was nie daaraan gewoond nie.[100] Die gevolg was dat die arbeidsdoeltreffendheid van die myne afgeneem het. Die swart mynwerkers het veral van die betaaldag, Vrydag, deur die naweek gedrink en ook nie vir die eerste skof op Maandag gerapporteer nie.[101]

Daar was 'n geweldige toename in jeugmisdaad veral onder die swart jeug. 'n Vergelyking van misdaad tussen die bevolkingsgroepe toon hierdie toename aan:

**Tabel no. 10.1: Statistieke in verband met jeugmisdaad: Vereeniging en distrik, 1 April 1949 - 31 Maart 1950**

| Blankes | | Swart mense | | Kleurlinge | | Asiate | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| M | V | M | V | M | V | M | V |
| 32 | - | 505 | 51 | 2 | - | - | - |

Soos hierdie tabel aandui was daar rede tot kommer oor die aantal jeugmisdade wat by die swart mense voorgekom het. Drankmisbruik by die swart jeug het dikwels tot jeugmisdaad aanleiding gegee.

Die ordening van die samelewing asook die vestiging en skeiding van verdere woonbuurte rondom Vereeniging se sentraaldorp is op basis van aparte leefruimtes vir die verskillende bevolkingsgroepe gedoen.[102] In hierdie ordeningspatroon van die samelewing is daar in Vereeniging vir aparte woonbuurtes voorsiening gemaak[103], omdat die Groepsgebiedewet bepaal het dat afsonderlike woongebiede vir die onderskeie bevolkingsgroepe geskep moes word.[104] Sedert die vroegste jare was daar ontevredenheid onder die swart mense oor hierdie omstandighede waarin hulle, hulle bevind het.[105] Hierdie ras gebaseerde samelewing

---

100 ***Vereeniging News***, 18 September 1948: report.

101 R.L. Leigh, ***Vereeniging: South Africa***, pp.33-66.

102 ***Vereeniging News***, 24 December 1937: report; ***Vereeniging News***, 4 September 1937: report; ***Vereeniging News***, 1 October 1937: report.

103 ***Vereeniging News***, 27 January 1939: report.

104 J.S.H. Gildenhuys, ***'n Beleid vir fisiese ontwikkeling en dorpstigting ...***, pp.90,98.

105 ***Vereeniging News***, 2 October 1942: report.

kan grootliks toegeskryf word aan die apartheidsbeleid wat in 1948 ontstaan het, en sedertdien as term gebruik is vir die regering se rassebeleid.[106]

Die praktiese realisering van hierdie beleidsrigting is bemoeilik deur die feit dat die swart man 'n noodsaaklike arbeidskomponent in die ekonomie gevorm het.[107] Die feit dat swart arbeiders in die werkplekke nodig was vir die ekonomiese aktiwiteite van die blankes, maar op sosiale vlak nie op 'n gelyke vlak met die blanke kon deel nie was vir swart mense 'n rede tot ergernis. Hierdie toestand het tot ontevredenheid onder die swart mense gelei.[108] Die swart mense het gemeen dat rassewetgewing soos byvoorbeeld die Ontugwet van 1950, die Wet op Aparte Geriewe van 1953 en nog vele ander, hul individuele regte aangetas het. Die verstedelikte swart man is aanvanklik deur die regering slegs as tydelike inwoners gesien. Hierdie mense was sonder burgerskap en seggenskap in die regering van die land. Hierdie kultuur het die swart individu verbitterd gelaat.[109]

Daar is verskillende maatreëls ingestel om die omstandighede wat as gevolg van kultuurverskille ontstaan het die hoof te bied. Verskeie mense en instellings het gepoog om die omstandighede van die swart mense te verbeter.

Mnr. Sharpe het besonder baie vir die welsyn van die swart mense gedoen. Hy was ook die inisieerder vir die oprigting van die swart dorpsgebied Sharpeville wat na hom vernoem is.[110]

Gedurende 1948 is daar 'n uitgebreide voedingsorganisasie gestig om vir verdienstelike gevalle in Sharpeville kos te voorsien.[111] Die omvang van hierdie probleem in die swart bevolking het egter die sukses van sulke skemas beperk. Hiernaas het die Kindersorgvereniging 'n belangrike rol in die swart woonbuurtes gespeel. Gedurende die vyftigerjare is 1 gallon melk daagliks aan die munisipale kliniek geskenk vir kinders wat ondervoed was.

Die onderstaande tabel dui byvoorbeeld die verblyfplek van die nywerheidswerkers gedurende die vyftigerjare aan:

---

106 T.R.H. Davenport, ***South Africa: a modern history***, 4th ed., pp.518 et sqq.

107 T. Lodge, ***Black politics in South Africa since 1945***, p.353.

108 ***Vereeniging and Vanderbijlpark News***, 9 June 1972: report.

109 T.R.H. Davenport, ***South Africa: a modern history***, pp.543 et sqq.

110 Anon., ***Dagboek van Britse immigrant***, p.102.

111 ***Vereeniging News***, 3 July 1948: report.

**Tabel no. 10.2: Nywerheidswerkers se verblyfplekke gedurende die vyftigerjare**

| Nywerheid | Swart woonbuurt | Kampongs |
|---|---|---|
| Vereeniging Brick & Tile | 850 | 1 420 |
| USKO (Klip) | 104 | 1 150 |
| USKO (Vaal) | 58 | 1 125 |
| VFTPC | 58 | 327 |
| South African Railways | 276 | 139 |
| Stewarts & Lloyds | | 1 632 |
| Rand Water Board | | 301 |
| Cornelia Colliery | | 228 [112] |

Hierdie werkers het 'n redelike mate van versorging ontvang omdat gesondheidsinpekteurs gereeld die verblyfplekke ondersoek het. Die probleem was egter dat indien hierdie werkers ontslaan sou word of uit diens getree het hulle na die oorvol swart woonbuurt moes verhuis.[113]

Daar is nie net aan blanke voorskoolse kinders aandag gegee nie. 'n Bewaarskool vir swart kinders is ook in Sharpeville opgerig. Daar was vir 90 kinders voorsiening gemaak.[114]

Die dienste van die distriksverpleegster was ook hier beskikbaar.[115] Gedurende 1947 het sy 1 227 huise besoek. Hierdie besoeke het gewoonlik rondom siek en arm mense gegaan. Daar is komberse gedurende wintermaande aan behoeftiges voorsien en tot soveel as 820 truie is gedurende een enkele winter voorsien.[116]

Mettertyd het die mense hul eie organisasies volgens hul eie tradisies en kultuur gestig. Die "Sharpeville Women's Friendly and Assistance Society" het die volgende doelstellings gehad:

- om die vroue van Sharpeville in 'n non-politieke organisasie te organiseer;
- om die lede van die organisasie by te staan waar nodig;
- om in geval van dood van een van die lede alle kostes te vereffen;
- om die welsyn van die lede te verhoog;

112 SAB, Pretoria, Departement van Gesondheid (GES), band 769, lêer 320/13F: jaarverslag van die Gesondheidsinspekteur, 1951.

113 Kyk hoofstuk 9, pp.321 e.vv. vir meer besonderhede.

114 SAB, Pretoria, VWN, band 649, lêer SWP 95/4/2-45: jaarverslag, 1 April 1949 - 31 Maart 1950.

115 SAB, Pretoria, VWN, band 2875, lêer SWP 8/627: Vereeniging Kindersorg jaarverslag, 1943.

116 SAB, Pretoria, VWN, band 2875, lêer SWP 8/627: Vereeniging Kindersorg jaarverslag, 1947.

- om te help met die onderrig van vroueskap aan die jong vroue en

- lidmaatskap van hierdie vereniging was beperk tot vroue wat in Sharpeville gewoon het.[117]

Daar was ook ander organisasies wat aktief besig was om die kultuurvlak van die swart mense te verbeter. Vereeniging se Jaycees het byvoorbeeld besigheidseminare vir dié mense aangebied. Hierdeur is daar gepoog om die swart handelaars van die Vaaldriehoek op te lei.[118]

Hoewel die swart mense gekla het oor die omvang van onderwysvoorsiening het die staat wel aandag aan hierdie enorme opleidingsbehoeftes van die swart mense gegee. Volgens die Departement van Bantoe Onderwys het die aantal swart skole in Suid-Afrika van 7 718 in 1960 tot 10 984 in 1972 toegeneem. Die aantal onderwysers het van 27 767 tot 54 097 en die aantal leerlinge van 1 506 034 tot 3 101 186 toegeneem het.[119] Sedert 1960 was daar 'n verbetering in die peil van algemene onderwys en geskooldheid van die grootste werkersgroep van die swart mense gewees.[120]

Die inwoners van Sharpeville het vanaf die sestigerjare oor infrastruktuurdienste soos sanitêre dienste, water, vullisverwydering en teerstrate beskik. Die inwoners wat dit kon bekostig kon ook van elektrisiteit in hul huise gebruik maak. 'n Geteerde fietsbaan na die woongebied het fietsritte vergemaklik. Hiernaas het dienste soos 'n munisipale kliniek, biblioteekdiens, gemeenskapsale, bioskoop- en sportfasiliteite, kerke, 'n mark en 'n gesubsidieerde melkskema 'n belangrike bydrae tot die swart mense se kultuurverhoging gelewer.[121]

Daar is nie net fasiliteite geskep nie maar die regering het ook gepoog om deur wetgewing die lewensomstandighede van die swart mense te verbeter. Wetgewing het daarvoor voorsiening gemaak dat geen werknemer langer as 46 uur per week mag werk nie. Los werkers mag ook nie meer as agt en 'n halwe uur op 'n werkdag gewerk het nie. 'n Los

---

117 SAB, Pretoria, VWN, band 2883, lêer SWP 8/948: the Sharpeville Women's Friendly and Assistance Society, datum 1948.

118 *Vereeniging and Vanderbijlpark News*, 25 April 1969: report.

119 S.J. Kleu, "Strukturele aspekte van die nywerheidsontwikkeling ...", p.458.

120 S.J. Kleu, "Strukturele aspekte van die nywerheidsontwikkeling ...", p.458.

121 A.J.G. Oosthuizen, *'n Geografiese opname van die Vaalrivierdal* ..., p.241.

werker was iemand wat hoogstens drie dae in 'n week by dieselfde werkgewer in diens was.[122]

Gedurende die begin van die sestigerjare het hospitaalgeriewe vir swart mense slegs in Vereeniging bestaan. Die hospitaal het as streekshospitaal gedien. Hierdie hospitaaldiens aan swart mense was egter ontoereikend. Vir meer gespesialiseerde hospitaaldienste was die swart mense van die Vereeniginggebied op die groter streekshospitaal te Baragwanath aangewese.[123]

Gedurende 1972 is omstandighede verbeter toe daar 'n hospitaal in Sebokeng betrek is.[124] Die blanke hospitaal in Duncanville het ook oor 'n buitepasiëntediens beskik. Bogenoemde hospitale verskaf opleiding aan verpleegsters en het eie verpleegstertehuise.

Vir die Sharpeville gemeenskap is dit gerieflik dat 'n kliniek in Sharpeville se dorpsgebied geleë is.[125] By Sharpeville kliniek word, benewens ander dienste, ook voorgeboorte dienste gelewer. Die kliniek by Sharpeville beskik verder ook oor 'n X-straaleenheid.[126]

Hoewel die bogenoemde dienste die lewe van die swart mense vergemaklik het, het dit egter gedurende die sestigerjare duidelik geword dat die swart mense nie tevrede was nie.

Aanvanklik het 'n groot hoeveelheid van die Afrikaners die denkwyse gehuldig dat die swart mense heeltemal territoriaal van die blankes in aparte gebiede verwyder moes word.[127] Vanaf die laat vyftigerjare het die Afrika-nasionalisme ook die kultuursituasie in Vereeniging geraak.

Vereeniging se swart woonbuurt Sharpeville sou die aandag van die wêreld op die ontwaking van die politieke bewussyn van swart mense in Suid-Afrika vestig. Ten einde die instroming van stamgenote na die stede en dorpe van Suid-Afrika te beheer, het agtereenvolgende regerings dit vir swart mense verpligterd gemaak om te alle tye bewysboeke wat hulle magtig om in die dorpe te werk en te woon, te dra.[128]

---

122 J.J. du Plessis, ***Die kosteprobleem as gevolg van wetgewing in Suid-Afrika** ...*, p.108.

123 A.J.G. Oosthuizen, ***'n Geografiese opname van die Vaalrivierdal** ...*, p.127.

124 ***Vereeniging and Vanderbijlpark News***, 14 January 1972: report.

125 Stadsraad van Vereeniging, ***Vereeniging: aansoek om** ...*, pp.76-79; ***Vereeniging***, 18 May 1939: report.

126 Stadsraad van Vereeniging, ***Vereeniging: aansoek om** ...*, p.82.

127 H. du Plessis, "'n Nywerheidsontwikkeling vir die naturelle", ***Koers***, vol. 15, Oktober 1947, pp.65-70.

128 ***Vereeniging News***, 26 October 1939: report.

Die PAC het dorpsgebiedbewoners dwarsdeur Suid-Afrika opdrag gegee om op 21 Maart 1960 sonder hulle bewysboeke by polisiestasies aan te meld en daarop aan te dring dat hulle gearresteer word.[129]

Verstedeliking van die swart mense het tot gevolg gehad dat hul met die westerse kultuur in aanraking gekom het. Gedurende die sewentigerjare het dit duidelik geword dat daar onder die swart mense heelwat kultuuroordrag plaasgevind het. Baie van hierdie mense het aspekte van die westerse kultuur hul eie gemaak. Heelwat van die mense met hul voete in twee kulture gestaan. Dit het verwarring veroorsaak. Die swart mense het as gevolg van hierdie omstandighede al meer op al die regte wat die blanke se kultuur ingesluit het aangedring.[130] Hierdie toestand het ook 'n invloed op die blanke kultuur van Vereeniging gehad.

Die kultuuroptrede van die gemeenskap van Vereeniging, soos in die res van die land, is gedurende die tagtigerjare veral deur die onrustige politieke klimaat in die land geraak. Die regering het gepoog om met verskillende dienste die mense tevrede te stel.[131]

Met die instelling van die Administrasieraad, wat later as die Oranje-Vaal Ontwikkelingsraad bekend gestaan het, het verskeie swart woongebiede, wat deur die onderskeie plaaslike besture geadministreer was onder hierdie raad se beheer gekom.[132]

Die woongebiede Sebokeng, Boipatong, Bophelong, Sharpeville, Zamdele en Feferghatso is onder die Stadsraad van Lekoa gevoeg. Hierdie gebiede is primêr as woongebiede geklassifiseer en is die werksgeleenthede hoofsaaklik ekstern geleë.[133]

Groot getalle werkers stroom Vereeniging daagliks binne.[134] Die bevolkingsamestelling vanaf die tagtigerjare toon dat die swartes 'n beduidende groter gedeelte, naamlik 70,2% van die bevolking in die Vaaldriehoek vorm.

---

129 Anon., "The ghost of Sharpeville", ***Time***, vol. 102, 24 September 1973, p.25.

130 ***Vereeniging and Vanderbijlpark News***, 15 March 1974: report.

131 ***Vereeniging and Vanderbijlpark News***, 16 February 1979: report; ***Vereeniging and Vanderbijlpark News***, 7 September 1979: report.

132 ***Vereeniging and Vanderbijlpark News***, 23 March 1979: report.

133 Vaalkon, ***Infrastruktuur-ondersoek: watervoorsiening***, p.21.

134 Stadsraad van Vereeniging, ***Vereeniging: aansoek om ...***, p.28.

**Tabel no. 10.3: Bevolkingsgrootte en -samestelling in die Vaaldriehoek**

| BEVOLKINGSGROEP | GROOTTE | % |
|---|---|---|
| Blankes | 159 380 | 26,91 |
| Kleurlinge | 11 580 | 1,96 |
| Asiate | 5 480 | 0,93 |
| Swartes | 415 700 | 70,20 |
| **TOTAAL** | **592 140** | **100,00** [135] |

Swartes verteenwoordig dus die grootste etniese groep in die Vaaldriehoek en die streekwoongebied vir swartes, naamlik Sebokeng, lewer hier die vernaamste bydrae.[136]

'n Opname wat gemaak is het getoon dat die oorsprong van werkers wat in Vereeniging se sentrale sakegebied werksaam is, soos volg saamgestel is:

**Tabel no. 10.4: Oorsprong van werkers wat in Vereeniging werksaam is**

| GEBIED | % |
|---|---|
| Sharpeville | 19,22 |
| Sebokeng | 27,05 |
| Evaton | 4,62 |
| Boipatong | 0,19 |

Hierdie syfers toon dus aan dat 'n groot hoeveelheid swart mense uit die nader geleë woonbuurtes in Vereeniging werksaam is.[137]

Die meerderheid van Sebokeng se ekonomies-aktiewe bevolking is werksaam in Vereeniging en Vanderbijlpark. Hulle word na die twee dorpe met busse vervoer.[138]

Die Vaal Transport Corporation (VTC) het gedurende die tagtigerjare gepoog om in die vervoerbehoeftes van die swart mense te voorsien. Behalwe al die ander dienste, is daar soggens en saans sowat 127 busse vir Sebokeng alleen gebruik. Gedurende die naweke was daar vervoer na onder andere Witzieshoek, Maseru en Qua Qua verskaf.

---

135 Suid-Afrika (Republiek), Departement van Statistiek, ***Sensusopname 1980***, RP 02-80-01, pp.91,92,110.

136 A. Nieuwoudt, ***Die Vaaldriehoek as verspreide ...***, pp.115-123.

137 Mathey & Greeff {stads- en streeksbeplanners}, ***Vereeniging struktuurplan opgestel ...***, pp.99 e.vv.

138 A. Nieuwoudt, ***Die Vaaldriehoek as verspreide ...***, p.163.

Vaal Transport het gedurende die tagtigerjare sowat 5 miljoen passasiers per maand vervoer.[139]

Hierdie vervoerdiens het gedurende die tagtigerjare werk aan 87 blankes en 906 swart mense verskaf. Die hoofkantoor van die busdiens is in Vereeniging gesetel.[140]

Die voorsiening van huisvesting in die swart woongebiede is die verantwoordelikheid van die sentrale owerheid wat deur die Departement Gemeenskapsbou lenings aan die Administrasieraad vir die oprigting van huise sowel as voorsiening van dienste beskikbaar stel.[141] Die hoofkantoor van die Administrasieraad was in Sebokeng gesetel en het onder beheer van 'n Hoofkommissaris gestaan.[142]

In die swart woongebiede kom verskeie handelsondernemings voor en swart mense is dus nie ten volle afhanklik van die handelsondernemings in die blanke dorpe nie.[143]

Gedurende die tagtigerjare is gevind dat die inwoners van Sebokeng die grootste persentasie van hul koopkrag nl. 73,7%, in hul eie woongebied spandeer. Die res van hul koopkrag vloei hoofsaaklik na Vereeniging. Daar is eweneens gevind dat die inwoners van Sharpeville die grootste persentasie van hul koopkrag in hul eie gebied, naamlik 65,4% bestee. Sharpeville toon egter 'n groot mate van afhanklikheid van Vereeniging.[144]

Die swart woongebied is oor die algemeen goed van geriefondernemings soos verversingsdienste, kafees, kruidenierswarewinkels, groentewinkels, slaghuise, droogskoonmaakdepots en haarsalonne voorsien.[145]

Die swart woongebiede was gedurende 1979 baie swak voorsien wat die motorhandel betref. Ondernemings van hierdie aard was tot vier motorhawens en twee werkswinkels in Sebokeng en een motorhawe in Sharpeville beperk.[146] Ondernemings in die swart woongebiede is ingestel op die daaglikse lewensbehoeftes van die swart bevolking. Daar

---

139 Anon., "All factors favour the Vaal's progress", T. Oosterbroek (Ed.), ***Vaal river complex: industrial growth point of the eighties***, p.27.

140 A. Nieuwoudt, ***Die Vaaldriehoek as verspreide*** ..., p.234.

141 ***Vereeniging and Vanderbijlpark News***, 13 June 1975: report.

142 A. Nieuwoudt, ***Die Vaaldriehoek as verspreide*** ..., p.267.

143 A. Nieuwoudt, ***Die Vaaldriehoek as verspreide*** ..., p.211.

144 A. Nieuwoudt, ***Die Vaaldriehoek as verspreide*** ..., p.229.

145 A. Nieuwoudt, ***Die Vaaldriehoek as verspreide*** ..., p.219.

146 A. Nieuwoudt, ***Die Vaaldriehoek as verspreide*** ..., p.217; ***Vereeniging and Vanderbijlpark News***, 16 November 1979: report.

word dus grotendeels vir begrafnisondernemings, fietswinkels, fotograwe, horlosiemakers, grofsmede, skrynwerkers en blikslaers voorsiening gemaak. Hierdie ondernemings is, op een uitsondering na, in die groot woongebiede van Sebokeng en Sharpeville gevestig.[147]

Dit is egter ook so dat die ontevredenheid van die swart mense slegs toegeneem het.

Gedurende hierdie jare het die ontevredenheid van die swart mense 'n hoogtepunt bereik. Van die grootste probleme was soos volg:

Teen die einde van 1984 was dit duidelik dat die resessie begin knel en die toestand het verder versleg, omdat werkloosheid vinnig toegeneem het.[148]

Die buiteland wou die Suid-Afrikaanse regering dwing tot politieke hervorming. Sanksies is teen Suid-Afrika ingestel. Daar is ook 'n verbod op lenings aan die Republiek van Suid-Afrika (RSA) geplaas. Daarmee saam het die onttrekking van buitelandse maatskappye plaasgevind.[149]

Omdat die verset gedurende 1984 in die Vaaldriehoek begin het, het dit tot drastiese kulturele veranderinge in Vereeniging gelei. Die skade was nie net in terme van rand en sent nie, maar veral lewensverlies en die verlies aan gesonder onderlinge verhoudinge en wedersydse vertroue, is geweldig geskaad.[150]

Mettertyd het dit tot die besef van menige mense deurgedring dat dit onmoontlik is om 'n ideale samelewing oornag tot stand te bring - veral nie 'n ingewikkelde samelewing soos dié van Suid-Afrika nie.[151]

## 10.4 GEVOLGTREKKING

Dit is duidelik dat die beeld oor hierdie kultuurontwikkeling twee sye vertoon. Aan die een kant was die blanke rustig besig om sy kultuurgoedere op 'n westerse lees te ontwikkel. Die groot groep swart mense het aan die ander kant die dorp en samelewingstruktuur as onderdrukkend ervaar en toenemend daarteen in opstand gekom.

---

147 A. Nieuwoudt, ***Die Vaaldriehoek as verspreide***..., p.218.

148 Suid-Afrika Stigting, ***Beknopte feitebron***..., p.35.

149 H. Mashabela, ***Townships of the PWV***, p.1.

150 T. van der Walt, ***Verslag van die ondersoek na onderwys vir swartes in die Vaaldriehoek na aanleiding van die gebeure van 3 September 1984 en daarna***, p.9.

151 W. de Klerk, ***Die man en sy tyd: F.W. de Klerk***, p.16.